

Maak swemklere wat netjies pas

As jy nie 'n modellyfie het nie, ken jy waarskynlik die Groot Soek na die regte swemklere – iets wat toemaak wat toe moet wees en ondersteun waar nodig, maar jou darem ook toelaat om te spog waarmee jy kán spog. Het jy een wat net reg, maar nou al weer plek-plek voos is, het ons raad: Volg ons aanwysings en maak 'n nuwe daarvan.

Ons gee ook 'n patroon vir 'n een- of tweestuk. Rekstowwe is nie meer baie duur nie en die regte benodigdhede is taamlik maklik verkrygbaar.

ALGEMENE AANWYSINGS

- Gebruik blokpatroonpapier – blokkies = 2 x 2 cm – om kleiner diagramme op na te trek en só jou eie papierpatrone te maak. 1 blokkie op diagram = 10 cm. Plaas patroonbuitelyne op blokke met behulp van kolletjies. Verbind dan met soliede lyn. Blokpatroonpapier is 73 x 98 cm groot.

- Plaas pante met RK teenmekaar wanneer nate gestik word.

MATE

Die patroon is ontwerp om te pas vir borsmaat 92 cm, middel 71 cm en heupe 97 cm.

AFKORTINGS

AP = agterpant; MA = middel agter; MV = middel voor; RK = regte kant; VK = verkeerde kant; VP = voorpant.

EENSTUK

JY BENODIG

80 cm swemklerestof; sowat 4 m swempakrek; bypassende gare vir naai- en omkapmasjien.

MAAK SÓ

- Trek eenstuk se patroon – alle soliede lyne – volgens skaal na. Beenholte op patroon is laag uitgesny. As jy dit hoër uitgesny verkies, knip op stippellyn. Knip 1 VP op vou en 2 AP. Knip ook 1 insetsel uit gebreide katoenstof.

- Stik MA-naat toe.

- Plaas insetsel met RK op VK van AP se onderkant en stik vas. Plaas onderkant van VP op onderkant van AP, RK opmekaar, en stik vas.

- Stik sy- en skouernate.

- Knip rek vir elke been, mousgate en halsopening. Meet elke opening, trek $\frac{1}{3}$ af en knip rek só lank. Stik punte van elke stuk plat opmekaar aan mekaar vas. Vou in helfte en dan weer in helfte – merk kwarte só. Verdeel openinge ook in kwarte. Pas rek in holtes, merke opmekaar.

- Stik rek aan VK in elke holte vas met omkapmasjien. Vou om na VK en stik met naaimasjien vas.

TWEESTUK

JY BENODIG

40 cm elk van 2 kleure swemklerestof; sowat 4 m smal swempakrek; sowat 1,5 m breë broekrek.

MAAK SÓ

- Trek patroon vir tweestuk volgens skaal na. Volg stippellyne vir middellyf en uitholling van broekspype en halslyn op AP.

- Stik broekie en bostuk se MA-, sy- en skouernate.

- Stik insetsel vas soos by eenstuk. Stik onderkant van AP en VP met RK teenmekaar vas.

- Knip swempakrek vir bene, mousgate en halsopening. Knip breë rek vir bokant van broekie en onderkant van bostuk soos by eenstuk.

- Steek rek in holtes vas soos by eenstuk en werk vas.



WERK REK SÓ VAS

- Met omkapmasjien

Steek of ryg rekaan VK van stof vas – daar moet sowat 0,5 cm

lap aan buitekant by rek verbystee.

Stel omkapmasjien se differensieer-voer op maksimum en steeklengte op sowat 2. Hou kledingstof en rek stewig vas met albei hande. Jy moet stof strek tot rek plat op oppervlak lê. Voer stof só in masjien dat rek teen linkerkant van lem verbybeweeg. Oppas dat jy rek nie afsny nie.

Vou rek om na VK en stik op RK met rekstiksel van naaimasjien vas.

Gebruik Janome se rekrygvoetjie om proses te vergemaklik.

- Met naaimasjien

Verdeel rek in gelyke dele, byvoorbeeld kwarte, en steek vas. Stel naaimasjien op smal sigsagsteek en middelslagsteeklengte. Stik rek vas terwyl jy dit stewig vashou. Knip kledingstof gelyk met rek af, werk stof en rek saam af met sigsagstiksel, vou om na VK en stik vas op RK met reguit of sigsagstiksel. Of gebruik 'n dubbele naald.

Janome-naaimasjien het ook driestap-sigsagsteek wat uiters geskik is om rek reg vas te stik.

OOR SWEMKLERE MAAK ...

Kledingstof: Breistof wat vir swemklere gebruik word, staan in tekstielterme bekend as *power net knits*. Dit beteken eintlik net dat die lap in die lengte en breedte kan rek. Dit is 100% rekbaar, teenoor die breistof wat algemeen vir rompe en bostukke gebruik word se 50% rekbaarheid.

Dié rekkerige stof staan algemeen bekend as



**Moeg gesoek na 'n baaipak wat vleierend om jou lyf
vou? Maak dit self – nommerpas! Saamgestel deur
Sandra Bodenstein**

lycra, maar omdat suiwer lycra duur is, bevat die meeste 'n mengsel van lycra en nylon of lycra en katoen. Dit is baie gerieflik omdat dit steeds rek, maar die goeie eienskappe van katoen behou, soos om sweet op te neem en sag teen die vel te voel.


Die beste manier om dié kledingstof uit te ken, is om te toets of dit in die lengte én breedte rek. **Naalde:** Gebruik nr. 70-80-reknaalde – *stretch* – op jou naaimasjien en nr. 80-bolpuntnaald op die omkapmasjien, soos Janome se bloupuntnaald.

Gare: Jy kan poliëster-katoengare gebruik vir stowwe wat katoen bevat. Vir nylon of lycra is suiwer poliëster- of nylongare die beste. Wollerige nylongare – *floss* – is ideaal omdat dit die naatrande beter bedek en sag teen die vel is. Gebruik dié gare in die lusvormers van jou omkapmasjien en poliëstergare vir die naalde.

Nate: Die rekbaarste stiksel is 'n driedraad-omkapstiksel. As jy nie 'n omkapmasjien het nie, stik die nate met 'n reguit stiksel en kort steeklengte terwyl jy die kledingstof strek. Om af te werk: Maak nog 'n stiksel 5 mm van die eerste stiksel af. Knip teen die tweede stiksel af. Party naaimasjiene het 'n rekstiksel – ideaal vir rekstof.

Versorging van rekstof: Kledingstof het selde 'n etiket met versorgingsaanwysings, dus moet jy self uitvind hoe om dit te versorg. Die meeste soorte rekstof kan op 'n ligte siklus in 'n wasmasjien gewas word. Moenie elke keer wanneer jy dit was versagmiddel byvoeg nie. Dit is veiliger om 'n rekstofkledingstuk in skadu te laat droog word as om dit in 'n tuimeldroër te laai. Tuimeldroërs laat rekstof gou agteruitgaan.

Dieswemklere is eksklusief vir **ROOI ROSE** gemaak deur Riana van der Merwe, met die komplimente van Janome en Russells.



← Die Janome 534D Mylock-omkapmasjien

Dié omkapmasjien het 'n differensieerfunksie, wat beteken dat breistof soos truistof gestik kan word sonder dat dit uitrekt of omkrul. Die omkap-masjien het 'n ingeboude rolsoomfunksie, 'n verstelbare snylem en is die vinnigste van al die Janomes. Kleur-kodering maak bedrading besonder maklik.

Die Janome Mylock 134-omkapmasjien →

Dié omkapmasjien is duursaam en boonop die goedkoopste in die reeks. Dit het nie 'n differensieerfunksie nie, maar kan alles doen wat 'n mens van 'n omkapmasjien verlang.

Russells het maklike kredietfasiliteite wat tot oor 20 maande kan strek. Doen navraag by enige van die 140 takke landwyd of bel 0800 110 775 totlvry.

Russells

Kyk hoe min styl kos.

